LAER VOLKSKOOL

17 Januarie 2011

Geagte Ouers

BRIEF 1 VAN 2011

BAIE WELKOM:
Baie welkom aan al die Graad R en RR ouers by Laer Volkskool. Ons beskou dit as 'n groot voorreg dat u ons gekies het om deelgenote van u kinders se toekoms te wees. Kom ons neem hande om hierdie jaar 'n groot sukses te maak.

NEEM ASB. KENNIS VAN DIE VOLGENDE:
ATLETIEK:
Vrydag, 21 Januarie 2011
Tyd: 12:30 vir 13:00
Velditems: Turbo spiesgooi en sakkie-stoot
Graad R en RR (neem nie Vrydag deel nie!)
Graad 1-3
Almal kan kom deelneem.

VOLKIE-OUER-BRAAI:
Al ons ouers word uitgenooi na 'n bring en braai geselligheid om 18:00 op Vrydag, 21 Januarie 2011 na afloop van die velditems.
Plek: By skoolsaal
Bring eie alles, skool voorsien die vure, pap en sous

Saterdag, 22 Januarie 2011 (Graad R en RR atletiek)
Tyd: 07:30 - By die wegspringplek meld elkeen by die Juffrou aan.
Kleredrag: Groen Volkiehemp en -broek (anders 'n swartbroek indien nie beskikbaar)

Kleuteritems is heel eerste op die program. Wees asb. betyds. Nadat hulle gehardloop het moet hulle asb. by die ouers sit of hulle mag dan huistoe gaan. Onderwysers is almal betrokke by items.

Smeer asb. sonblok tuis aan.
Snoepie sal beskikbaar wees.

SKOOLKLEREDRAG:
Somer: Volkiedrag: Groen hemp en -broek
Gewone kleredrag, slegs met verjaarsdae

Winter: Gewone klere of verkieslik Groen Volkie-sweetpak
Volkieklere is te koop by Hoosens

SKOOLTYE:

Januarie: 07:30 en verdaag 12:00
Klastyd: 07:30 tot 12:00
vanaf 1 Februarie is klastyd tot 12:45

SNOEPIE:

Graad R en RR leerders koop slegs op Maandae, Woensdae en Vrydae snoepie om 09:00.
Gee asb. net klein bedrae bv. R5 of R10. Kleingeld skep 'n probleem.

NASKOOL:

Naskoolsentrum is beskikbaar, waar u kind veilig is en lekker kan speel.
Kontak Baulha Booysen by 072 176 9315 of Jan Harmse by 016 341 6216.

VERVERSINGS VIR POUSE:

Pak asb. gesonde kos soos brood, vrugte, joghurt en sappe in u kleuters se kosblikke. Merk asb. die kosblikke en waterbottels duidelik.

VERGADERING:

Graad R en RR se verwelkomingsvergadering sal 25 Januarie 18:30 plaasvind in die saal.

VERPLIGTE AKTIWITEITE VIR 2011:

1 Playball @ R50 per maand elke Dinsdag.
2 Kindermuzik @ R30 per maand elke Vrydag.

Hierdie gelde is maandeliks betaalbaar aan die persone wat dit in skooltyd kom aanbied. Hulle sal betalings inligting aan u stuur.

Baie dankie dat ons kan staatmaak op u goeie samewerking.

Verdere inligting oor aktiwiteite wat die skool aanbied en ander inligting sal volg.

Volkiegroete

GR. R EN RR PERSONEEL

J.D. HARMSE
WND. HOOF